SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

NASIONALE KANTOOR
NATIONAL OFFICE

t: 012 436 0900 / e: saou@saou.co.za / w: www.saou.co.za

Nasionale Nuusbrief / National Newsletter 29/2018

27/07/2018

SAOU KOMMENTAAR OP UITSPRAAK VAN KONSTITUSIONELE HOF

Die SAOU het met dankbaarheid kennis geneem van die uitspraak van die Konstitusionele Hof insake die appèl van die LUR vir Onderwys in Gauteng, nl dat die appèl nie kans op sukses sal hê nie. Dit beteken dat indien daar alternatiewe toegang tot ander skole is, die onderwysowerhede nie sonder grondige redes eenvoudig 'n skoolbeheerliggaam se taalbeleid net van die tafel kan vee nie. Tot 'n baie groot mate was dit tot hede die benadering van onderwysamptenare om groot en onbillike druk op skoolhoofde as hulle werknemers uit te oefen terwyl hulle bewus daarvan is dat dié 'n beheerliggaam bevoegdheid is.

Die uitspraak van die Konstitusionele Hof getuig werklik van 'n rasionele en sensitiewe benadering tot onderwys en meer spesifiek ten opsigte van die status van 'n skool se taal van onderrig en leer. Hopelik sal dit nou daartoe lei dat die aanlyninskrywingstelsel van die Gauteng Departement Onderwys met groter omsigtigheid die 2019 inskrywings sal benader. Verder, ook dat die aanlynstelsel vir 2020 verfyn sal word om skole se taalbeleid te reflekteer aangesien dit doodgewoon vir 2019 geïgnoreer het.

'n Ander belangrike aspek wat nie uit die oog verloor moet word nie, is die feit dat die bepaling van skoolkapasiteit uiters belangrik is. Hoërskool Overvaal het 'n objektiewe maatstaf gebruik om die kapasiteit van die skool in terme van getal leerders te bepaal. Dit is nou tyd dat die Minister van Basiese Onderwys objektiewe norme bepaal om 'n herhaling van die ongelukkige insidente aan die begin van 2018 te verhoed. Dit is uiters belangrik dat skole en owerhede presies kan bepaal wat die stand van

SAOU COMMENT ON APPEAL OF CONSTITUTIONAL COURT

The SAOU acknowledges with gratitude the decision of the Constitutional Court with regards to the appeal of the MEC of Education in Gauteng. The Constitutional Court found that the appeal will not be successful and the right to appeal was therefore denied. This means that if learners have alternative access to other schools that are not full, education authorities will not be allowed to just ignore the School Governing Body's language policy. The recent approach by departmental officials was to put unfair and unreasonable pressure on principals as their employees, despite being aware of the fact that determining the language policy of a school, falls under the powers of the SGB.

The judgement proves that the Constitutional Court dealt with education, and the status of a school's language of teaching and learning, in a rational and sensitive manner. We trust that this judgement will result in GDE officials approaching the Gauteng online-application-system for 2019, with extreme caution. Furthermore, we hope that the online-system for the 2020 applications will be refined and adjusted to reflect the language policies of schools, seeing that this was totally ignored in 2019.

Another important aspect is how school capacity should be determined. Hoërskool Overvaal used an objective measure to determine the capacity of school in terms of learner numbers. The Minister of Basic Education should urgently determine objective norms to prevent a recurrence of the unfortunate incidents at the beginning of 2018. It is extremely important that schools and authorities should be able to precisely determine the capacity of schools which

kapasiteit is en wat ook kan gebruik word om die behoefte aan die bou van nuwe skole te kan bepaal.	should then also be used to determine the need for building new schools.
Hierdie uitspraak sal ook daartoe lei dat talle skole wat in sekere gebiede onderbenut is en wat deur leerders geïgnoreer word, nou benut sal moet word. Dit sal ook die owerhede dwing om te bepaal hoekom die skole nie gekies word deur leerders en ouers nie, nl. 'n gebrek aan 'n leer- en onderrigkultuur aangespreek word.	This ruling will also lead to the fact that many schools underutilised in certain areas and ignored by learners, now will have to be used. It will force authorities to investigate why such schools are not being selected by learners and parents, i.e. the reason possible being a lack of teaching and learning culture, being addressed.
Die SAOU glo dat hierdie uitspraak, saamgelees met ander Konstitusionele Hof-uitsprake, 'n geleentheid aan onderwysrolspelers bied om die voorgestelde wysigings aan die SA Skolewet, met spesifieke verwysing na die reg van 'n beheerliggaam om taalbeleid te kan bepaal, met groter nugterheid te beredeneer en 'n rasionele "skikking" te kan bereik. Dit is 'n gegewe dat ouers met verantwoordelikheid tot hede die saak benader het, en dat enige poging om openbare skole te wil reduseer tot blote staatskole, 'n terugwaartse stap is.	The SAOU is of the opinion that this verdict, together with other Constitutional Court rulings, will offer an opportunity to key role players in education to deliberate the proposed amendments to the South African Schools Act, with specific reference to the right of the SGB to determine the language policy. Hopefully this will lead to greater clarity and a rational settlement. It is a given that parents have approached the issue with responsibility and that any effort to reduce public schools to mere state schools would be taking a step backwards.
Dit is eweneens belangrik dat die uitspraak met verantwoordelikheid benader word en dat skole se onderwysplig teenoor leerders en taal in die onderwys met omsigtigheid en sensitiwiteit bejeën word. Taal moet nie misbruik word vir uitsluiting van leerders en hulle reg tot toegang tot onderwys nie. Gelukkig was dit tot hede nie die geval nie en het beheerliggame die aspek met groot verantwoordelikheid benader.	It is equally important that the ruling be approached with responsibility and that schools' duty towards learners and language in education should be treated with caution and sensitivity. Language should not be abused to exclude learners and their right to access education. Fortunately, this has not been the case so far and school governing bodies have thus far approached this aspect with great responsibility.